# Beoordelaars se ‘voete’ onder hulle uitgeslaan

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe, se maandtema was ***Hande/Voete*** en beoordelaars van Johannesburg en Alberton was aan die stuur van sake.

Die beoordelaars was vol lof vir die plaaslike fotograwe en was veral beïndruk deur die inskrywings van die junior-fotograwe.

In die tema-afdeling is Elsje Vermeulen (4 Ster-fotograaf) se ***Time is a magical gift*** as die wenfoto aangewys. Thys Foord (1 Ster) se *“Liefde vir die aarde”* is die wenfoto in die junior-afdeling (1 tot 3 Ster).

In die senior ope-afdeling (4, 5 Ster en hoër) waar enige foto’s ingeskryf kan word, was Meester-fotograaf Jan Jacobs se ***Got You*** die wenfoto. Hierdie foto is ook aangewys as die algehele wenfoto van die aand en sal vir die PSSA maandkompetisie ingeskryf word.

Mauritz Faling (1 Ster-fotograaf) se ***Stormloop*** is die wenfoto in die junior ope-afdeling en is ook vir die PSSA junior-kompetisie ingeskryf.

In die monochroom-afdeling is die veelsydige Jan Jacobs se ***Night Stalker*** as wenfoto aangewys.

In die visuele-kunsafdeling (saamgestelde foto’s), wat maandeliks baie interessante foto’s oplewer, het Dricky Gouws (3 Ster-fotograaf), se ***Flying with the Gulls*** die beoordelaars beïndruk. In die senior-kategorie van dié afdeling is Elsje se *“Evolution - the next chapter”* die wenfoto. In die mini-reeksafdeling het Meester Silwer-fotograaf Haig Fourie met ***Yum Yum*** gewen.

Alle amateur fotograwe word genooi om klubaande by die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoekkampus in Vanderbijlpark in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-ouditorium, by te woon. Klubaande is elke derde Vrydagaand van die maand, behalwe Desember, en begin om 18:30.

Die klub het ook elke derde Dinsdagaand van die meeste maande opleidingsessies by Klip River Estate in Vereeniging.

Die volgende klubaand is op 15 Maart en die maandonderwerp is “Fire and Ice”. Almal is welkom. Kontak gerus vir Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za vir meer inligting. Besoek gerus die klub se webtuiste: www.vdbp-photo.co.za of Facebook (VdbpPhotoClub) waar daar gereeld interessante wenke en pragtige foto’s opgelaai word.




**Wenner maandtema (hande/voete): Elsje Vermeulen se "Time is a magical gift”.**



**Wenner in die visuele-kunsafdeling: Dricky Gouws se “Flying with the Gulls”.**



**Een van Haig Fourie se foto’s in die minireeks-afdeling: “Yum Yum”.**



**Wenner in die monochroom-afdeling: Jan Jacobs se “Night Stalker”.**



**Wenner in die senior ope-afdeling: Jan Jacobs se “Got you”.**



**Wenner in die junior ope-afdeling: Mauritz Faling se “Stormloop”.**